**Saterdag 14 Oktober**
**Skrifgedeelte: Amos 4:1-13**
**Fokusgedeelte: Amos 4:1 (AFR83)**
**Die Here straf mense wat armes uitbuit**

Israel was onder die indruk dat hulle God goed en reg dien. Die Here wys egter dat hulle lewe skandelik is.

Dis nie baie vleiend hoe Amos die vroue van Israel aanspreek nie. Hy noem hulle koeie van Basan. Om die vooraanstaande stadsdames met ’n klomp vet koeie te vergelyk, is in ons tyd uiters beledigend. Maar Amos wys hulle daarop dat hulle net so lekker lewe en spoggerig is soos die skoudiere en vetgevoerde stoetvee van Basan. Wat Amos by die vroue wil tuisbring, is dat hulle met hulle uitspattige lewe eintlik dié oorsaak is dat die armes uitgebuit word.

Want, om in die spoggerige leefstyl te volhard, por hulle hulle mans aan met die woorde: “Bring wyn dat ons kan drink!” So por hulle die mans aan om die geld in te bring dat hulle hulle lui-lekker lewe kan volhou. Daarna het die mans dit weer uitgehaal op die armes en mense sonder enige status, net om by te hou by hulle hoë leefstyl. Hiermee maak Amos hulle selfgerigte lewe bekend. Alles draai eintlik net om hulleself en hoe mense na hulle kyk. Hulle is die manipulerende mag agter die korrupte samelewing. Hulle buit die armes uit.

Omdat God nie ’n plek in hulle raampie het nie, sal Hy hierdie vroue soos koeie met neusringe wegvoer en met beesponse of skerp doringtakke aanpor as hulle gevange geneem word. Vandag nog haat die Here uitbuiting van die armes vir eie gewin. Hy kom na die mense wat die geneesheer nodig het; na die armes, ellendiges, sieklikes en mense wat honger na die ware vryheid en vrede by God. Hy word in ons plek arm, uitgebuit, sodat ons wat arm en uitgebuit word, ryk kan wees in die Here. Hy roep ons nou om met sy liefde armes op te tel, te versorg en vir hulle om te gee.

*Sing: Psalm 146-1:5, 6*

*Ds. TJ Potgieter (Theunis) (emeritus)*